


KOERSVAS

Jaargang 3 Uitgawe 61 24 April 2015



In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte

Kennisgewings

REDAKSIONEEL

Afsondering en deelname.

Die reisiger wat bevoorreg genoeg is om al in Griekeland 'n draai te kon maak, sal dalk kan praat oor die Grieks Ortodokse Kerk kloosters naby die dorpie Kalambaka. Die groep kloosters staan bekend as Metéora (Grieks: Μετέωρα – beteken in die lug hang, in die hemel daarbo). Die ses oorblywende kloosters is gebou op natuurlike sandsteen-rots pilare aangrensend aan die Thessalie plein.



Al wys die argelologiese studies dat mense reeds voor Christus daar in grotte gewoon het, het die eerste asketiese monikke in die 9e - 11e eeu nC hulself daar tuis gemaak. Die Turkse invalle het hulle genoop om al hoe hoër te trek totdat hulle die amper onbereikbare pieke beset het. Vandaar kon hulle klippe en olie laat neerstort op enige aanvallers. Met 'n sisteem van toue,

mandjies en lere kon mense tot bo kom, kon materiaal opgehys word en kon die kloosters gebou word. 'n Senuweeagtige besoeker het volgens legende 'n monnik gevra of hulle die toue ooit vervang, en die antwoord was; 'Ja, sodra die tou gebreek het'. Nie gerusstellend vir die een wat in die mandjie is nie! Dit was eers in die jare na 1920 dat daar paaie gebou is en een of twee van die kloosters anders bereik kan word as in 'n mandjie, wat deur ander opgehys word.

Hierdie kloosters is, soos baie kloosters die wêreld oor, gebou om mense af te sonder van dit wat in die res van die omgewing gebeur. In die klooster is die mense in die wêreld, maar nie van die wêreld nie - in oortreffende trap. Die ope vraag is of dit die ideale situasie is.

Op die kerklike kalender is ons nou in daardie tyd waartydens ons Jesus se veertig dae op aarde gedenk, die tyd tussen opstanding en hemelvaart.

Kyk ons na die wêreld, sien ons die verval, die boosheid en die geweld wat rondom ons groei en tier. Ons maak van soveel veiligheidsmaatreëls moontlik gebruik op alle vlakke. Ons neem versekering uit, daar is alarms, diefwering en veiligheidswagte wat ons lewens moet

beveilig. Ons koop sagteware aan om internet booswigte te sper. Ons isoleer onself op baie vlakke en maniere.

Ons is nie alleen hierin nie. Die dissipels het dieselfde gevoel en gedoen. Hulle het gevlug, agter toe deure gaan skuil, selfs teruggegaan na dit wat hulle gedoen het voordat hulle Jesus se volgelinge was. Dit maak dit nie die regte ding om te doen nie. Jesus nooi ons uit, roep ons terug. Sy veertig dae op aarde is simbolies van die bedeling waarin ons lewe.

Veertig as getal is in die Bybel ook 'n simboliese aanduiding van 'n tydperk van toetsing en oordeel. Die getal veertig word 146 keer in die Bybel gebruik. Jesus se veertig dae op aarde is daarom ook simboliese aanduiding van die toetsing van mense en die oordeel oor mense deur God. Ons moet daarom bewus wees daarvan dat ons ook getoets word. Die wat vas staan in die geloof, is die ontvangers van Jesus se heilsgeskenke.

Veertig is ook 'n simboliese verwysing na 'n tydperk voldoende om 'n bepaalde taak af te handel. Veertig beteken derhalwe volbring, voltooi. Die Ou Testament se profesië het verskillende vorms aangeneem. Een van die heenwysings in die Ou Testament wat in hierdie tyd vir ons van groot belang is, is die veertig jaar tydperk wat Israel in die woestyn spandeer het, tussen uittog uit Egipte en aankoms in die aardse beloofde land.



Hierdie omswerwing in die woestyn wys op tipologiese wyse na ons tydperk van bestaan tussen hemelvaart en wederkoms. Dit is die tydperk van die verlossende werk van Jesus Christus in hierdie woestyn van die lewe. Met verwysing na die tydperk stel Paulus in I Korintiërs 10:6 *“En hierdie dinge was voorbeelde vir ons, dat ons nie begerig moet wees na slegte dinge soos hulle begerig was nie.”* Ons lewe met ander woorde in die tyd van Jesus se heilswerk hier op aarde. Dit sal eindig sodra die heilswerk voltooi is. Anders gestel, hierdie heilswerk sal aanhou totdat dit afgehandel, voltooi is.

Die uitdaging wat aan elkeen van ons gerig word, is om nie in isolasie te gaan en hierdie wonderlike Boodskap, die Blye Evangelie, vir onself te hou nie. Jesus nooi ons in die wêreld in, nie om soos die wêreld te word nie, maar om Jesus as Here te verkondig en in ons lewens te toon dat Hy ons Here is. Jesus roep ons terug uit ons aardse vrees en angs om dit wat ons dink vastigheid is, agter te laat en op Hom te vertrou.

Ons kan nie vanuit die geestelike kloosters van ons vrese die Evangelie verkondig nie. Jesus sal kom sodra die werk afgehandel is. In die tussentyd moet ons in die wêreld van die Evangelie praat en dit uitleef, sonder om van die wêreld te word.

BERIGTE

• NPO nommer

Die Finansiële komitee het uiteindelik daarin geslaag om die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes (GHG) as 'n nie-winsgewende organisasie te registreer. Baie geluk en baie dankie in die besonder aan die persone wat met groot moeite dit vermag het. Wat beteken dit vir die GHG?

As 'n PBO (Public Benefit Organisation – die SARS aanwysing), is ons geregtig daarop om skenkings belastingvry te ontvang. Hierdie sertifikaat bevestig amptelik ons status, en meer. Die skenkers trek nou ook voordeel uit enige skenking wat hulle maak. Enige persoon wat 'n skenking aan 'n NPO maak, is geregtig daarop om dit as 'n aftrekking van sy belasting te eis. Met ander woorde 'n skenking aan 'n NPO verminder die bedrag waarop die skenker uiteindelik belas sal word.

Skenkers kan tot 10% van hulle belasbare inkomste aan NPO-groepe skenk. Dit geld enkelinge en besighede of maatskappye. Aan die einde van 'n finansiële jaar reik die NPO 'n Artikel 18a sertifikaat uit, en dié word dan saam met die belasting dokumentasie aan die Ontvanger gestuur.

Ons glo hierdie verwickeling gaan daartoe bydra dat ons regsfonts nog vinniger groei as wat hy reeds gegroei het. By voorbaat dank ons u vir die skenkings wat gaan instroom. Onthou om aan te dui dat u 'n sertifikaat gaan verlang aan die einde van die finansiële jaar.

Die GHG se nommer is: **151 - 878 NPO**

- **Regsbyeenkoms**

In 'n vorige uitgawe van Koersvas (Jaargang 3 Uitgawe 59 27 Maart 2015) is daar volledig berig oor die huidige stand van die hofsake. Die implikasies wat genoem is, het baie vrae laat ontstaan. Dit is daarom goed om net weer die implikasies uit te spel.

Indien die NHKA korrek is dat eiendomsreg nie net in die gemeente gesetel is nie, maar dat 'n ander party ook seggenskap het, verander alle gemeentes se finansies drasties. Wie is die mede-eienaar/s van

gemeentelike eiendomme en wie het enige reg met betrekking tot sulke eiendomme anders as 'n gemeente? Is die mede-eienaar/s en reghebbendes verantwoordelik of mede-verantwoordelik ten opsigte van enige uitgawes wat insluit die oprigting en onderhouding van die eiendomme? Indien nie, waarom nie? Indien daar verbande oor die eiendomme is, is die banke daarvan in kennis gestel?

Die vraag is natuurlik na die identiteit van die ander party. Is dit die Kommissie van die AKV, die Moderamen, die AKV of dalk die Raad van Finansies? Dit is nie so duidelik wie die mede-eienaarskap op gemeentes se eiendom gaan opeis nie. Hierdie mede-eienaar is skynbaar die NHKA skim.

Vir gemeentes beteken dit prakties dat die Litigasie span beweer dat daar 'n ander party in die NHKA is wat mede-bepaal wat met gemeentes se eiendom mag gebeur. Die eiendomme van alle gemeentes wat met baie moeite bekom is, waarop daar teen groot koste geboue opgerig is (in die meerderheid van gevalle gefinansier uit 'n verband by 'n bank wat die gemeente self moes afbetaal), behoort volgens die NHKA skim nie aan die gemeente alleen nie. Die onderhoud van geboue, die betaal van erfbelasing, water, elektrisiteit, dienste, versekering en vele meer, is vir jare deur die gemeente gedoen, maar om een of ander duister rede is 'n instansie binne die NHKA mede-eienaar van die eindproduk.

Wat sal gebeur indien gemeentes ophou om munisipale rekenings te betaal? Sal hierdie NHKA skim die rekening betaal voordat die ligte afgeskakel of die water afgesny word? Indien die gemeente nie die verband se betalings kan byhou nie, sal die NHKA skim hierdie betalings opneem?

Wat gaan die Kommissie van die AKV doen indien gemeentes nou groot lenings teen die geboue aangaan? Wie gaan die gemeentes keer om die geld tussen dit lidmate uit te deel?

Wie in die NHKA verstaan nog nie dat hulle heffingsgeld gebruik word om 'n hofsak teen hulself te finansier nie? Indien die NHKA die saak wen, beteken dit prakties dat elke gemeente se eiendomsreg ingekort word.

Lidmate van gemeentes in die NHKA moet deeglik kennis neem daarvan dat hulle nie vir die Here werk nie, maar vir die eiendomsversamelaar skim iewers in die wandelende van die NHKA.

Standplase

Koersvas se redaksie het met hartseer kennis geneem van die drakoniese benadering wat nou in die NHKA sy vurige kop uitsteek. Gemeentes wat nie meer hulle heffings (nou skynbaar genoem sinodale offergawes – het die sinode nou super gemeente of god geword?) kan betaal nie, word aangesê om standplase op te hef, eiendomme te verkoop en/of standplase af te skaal. Die gelukkige predikant wat aan die ontvangkant van lidmate en fondse is, moet verseker dat heffingsrekenings aangesuiwer word en kan dan uit die restant 'n bestaan maak, of so iets. Daar is meer as drie gemeentes wat hierdie harde benadering te beurt geval het en by GHG lidmate om hulp kom aanklop.

KENNISGEWINGS

• Koersvas en Die Skietlood

Lesers wat belangstel om Jaargang 1 asook Jaargang 2 in gedrukte formaat te besit of vir kennisse te gee, kan dit nou

bestel by die drukkers. Jaargang 1 kan teen R45 (posgeld uitgesluit) bestel word Die boek bevat al die uitgawes van die eerste jaar. Jaargang 2 kan teen R 60 (posgeld uitgesluit) bestel word en dit bevat Jaargang 2 asook die eerste drie uitgawes van Jaargang 3 (tot Desember 2015). Daar word geen wins met enige van die boeke gemaak nie.

Ons beoog om 'n boekie saam te stel wat bestaan uit die Staat van Belydenis, die artikels in vorige uitgawes van Die Skietlood, asook die laaste sewe uitgawes van Die Skietlood wat in besonder die sewe sake beredeneer. Persone wat belangstel kan ons laat weet. E-pos j.otto@telkomsa.net

• Bondsvergadering.

Predikante en ampsdraers word daaraan herinner dat alle studiestukke en beskrywingspunte vir die derde Bondsvergadering te Meyerspark, nou reeds moet sirkuleer.

• Bybelvasvra

Hiermee 'n hartlike uitnodiging tot deelname aan die Bybelvasvra 2015.

BESTEK

Josua hoofstukke 1 tot 6 en 24 uit die 1983 Afrikaanse Bybelvertaling en Sondae 9 tot 22 van die Heidelbergse Kategismus (oor die 12 Artikels)

VOORGESTELDE DATUMS

Streek: Naweek van 14 - 16 Augustus in streeksverband (soos self in streeksverband georganiseer).

Finaal: Sondag 30ste Augustus om 16:00 per faks of E-pos. Niemand hoef eie dorp of distrik te verlaat nie.

Advertensies

Neem asseblief kennis van die advertensies wat ingesluit is.

- Die Vaalwater projek ken u.
- Roedtan se gewilde 4x4 is hierdie naweek
- Schweizer-Reneke se Wildsfees is 9 Mei en hulle basaar 30 Mei.
- Oornag fasiliteite by Villa Stoney – naby Pretoria. Skakel Ina 082 908 2831 of auri@mweb.co.za.

Drukwerk Geloofsbond Pryse 2015

Paul en Ella help graag met:

- Kalender R8-30 elk
- Verlofregister R24-75 elk
- Kwitansie R16-90 elk
- Offergawe R6-60 elk

- Dames Kwitansie R14-45 elk
 - Konsistorie R22-35 elk
 - Belydeniskrifte Boekie R31-40 elk
- ella@teamworkprinters.com

[geloofsbond.co.za](http://www.geloofsbond.co.za)

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar is elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op die internet beskikbaar. <http://www.geloofsbond.org.za/>

BANKBESONDERHEDE:

Naam: **GHG** (Geloofsbond van Hervormde gemeentes)

ENB Eerste Nasionale Bank van Suid-Afrika

Rekeningnommer: **6243 092 3088**

Takkode: **250 655**

Vir verpakkingsmateriaal, spysenieringsbenodigdhede en skoonmaakmiddels vir funksies van kerke en skole, skakel

MW PACKAGING

by 018 381 1494.

Fondsinsameling

Hervormde Kerk Vaalwater

Wen 'n

CZ550 .375 Holland & Holland Jaggeweer
ter waarde van R25000-00

Kaartjies @ R200-00

Kontak Hester by 079 528 6712 of
rvzguns@telkomsa.net vir besonderhede

Kaartjies is ook elektronies verkrygbaar

Trekking vind plaas op 12 September 2015



**Gemeente Schweizer-Reneke lid
van die onafhanklike Hervormde Gemeentes**

Wildsfees - 9 Mei 2015

Landbousaal
18:30 vir 19:00
R130 Volwassenes
R 60 Laerskool kinders

Spyskaart
Driegangmaal met 'n verskeidenheid van wildsvleise

Kontant kroeg

Onthou ons Basaar vind plaas 30 Mei 2015 in die kerksaal